MIKRO

WERK EN SKEP

# PSW

## WEEK 2

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# WEEK 2: 27 April - 1 Mei 2020
# PSW Kollig op p.53,54

**EENHEID 4: Reaksie op skending kinders se regte**

# SKENDING van KINDERS se REGTE

**Lees die volgende gedeeltes goed deur en beantwoord daarna die vrae.**

## Eenheid 4 Reaksies op skending van kinders se regte

Die wet sal nie mense keer om te stereotipeer, bevooroordeeld te wees en teen ander te diskrimineer nie. Jou houding en die respek wat jy teenoor ander mense toon, speel 'n belangrike rol in die voorkoming van die skending van regte.

Jy sal iewers in jou lewe diskriminasie ervaar. Dit is dus belangrik dat jy weet hoe om te reageer om jouself en ander mense teen die skendings van regte te beskerm.

### Maniere om jouself en ander teen skendings van kinders se regte te beskerm

| Stap 1 | → | Stap 2 | → | Stap 3 |
|---|---|---|---|---|
| **Herken** | → | **Reageer** | → | **Rapporteer** |




### Waar om hulp te kry

Sê vir 'n volwassene wat jy vertrou. Dit kan 'n ouer, iemand van jou familie soos 'n tannie of 'n grootouer, 'n onderwyser, 'n maatskaplike werker, 'n verpleegster of polisieman wees.

Jy kan ook die volgende organisasies kontak:

Kinderlyn 08000 55555 Childline
Veiligheidslyn 08000 355531

# STROKIESPRENT

25 minute

**1.** Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Bongani het van ver gekom
en slaap nou in sy stukkende kar.
Te veel probleme by die huis;
die geslaan en rusies veels te erg
en niks om te eet maak Bongani hartseer.




**a)** Benoem die regte wat in hierdie strokiesprent geskend het.

**b)** Hoe het Bongani op hierdie situasie gereageer?

**c)** Wanneer, dink jy, moet jy die reageer-stap uitlaat?

**d)** Verbeel jou jy's een van Bongani se maats. Watter plan van aksie sal jy vir Bongani voorstel?

# ANTWOORDE

**EENHEID 4:** Reaksie op skending van kinders se regte

Datum: ______________________

**AKTIWITEIT 4.1 p. 54 nr. 1**

1. (a) Bonganie se reg op beskerming, kos, veiligheid en opvoeding word geskend.

(b) Hy het van die huis af weggeloop.

(c) Laat die reageer–stap uit as jou lewe bedreig word.

(d) Ek sal verduidelik watter van sy regte geskend word en hom aanmoedig om met 'n volwasse persoon wat hy vertrou te praat. Ek sal Kinderlyn en Safeline se telefoonnommers vir hom gee.